

14 November

Skrifgedeelte: Deuteronomium 31:1-30
Fokusgedeelte: Deuteronomium 31:1-8

Wees sterk, wees dapper!

Vir Moses het die einde van die pad aangebreek. Hy het die volk gebring tot by die beloofde land, maar van hier af sou Josua nou verder gaan. In die openbaar waar almal dit kan hoor plaas hy nou die leisels in die hande van Josua met die nodige aanmoediging:

- Hulle moet onthou dat God getrou bly aan sy beloftes en dat hulle in dankbaarheid vir God se genade moet leef.
- Hulle moet onthou wat God in die geskiedenis vir hulle gedoen het, en dit moet hulle die toekoms indra. Die Here sal hulle in oorloë lei en die nasies verslaan, soos wat met Sihon en Og gebeur het. Hulle hoef dus nie bang te wees nie.
- Hulle moet onthou dat wat hulle het, die Here vir hulle gegee het. Daarom moet hulle in gehoorsaamheid aan Hom lewe. Hy skenk hulle redding uit Egipte, Hy skenk aan hulle 'n nuwe land, maar Hy eis ook dat hulle in getrouheid aan Hom sal lewe. Hulle moet Hom eer as God, en aanbid as God.

Steeds is dit die verbondsverhouding waarin ons met God leef. Ook hiermee wil God ons aanmoedig om in gehoorsaamheid aan Hom te lewe. Op pad na ons beloofde land eis God van ons volle vertroue in Hom. Wees sterk, wees dapper! Die Here sal voor jou uitgaan. Hy sal by jou wees.

Sing: Skrifberyming 15-3:3, 4, 5

Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)